



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 4 April 2021

Paasfees

Skriflesing:

1 Kor 15:1-11

Tema:

Die goeie nuus is – Christus



Ons Program

Vandag: Paasfees

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Aflegging van Belydenis van geloof** – Kevin Verster
- **Deuroffer:** Ons Woning
- **Geen Sondagskool en kategese** agv langnaweek
- **Tee en verversings** – Julle kan dit in die voorportaal kry en buite onder die bome geniet. Baie dankie aan Wyk 5.

Sondag 11 April

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom.
- **Kategese en Sondagskool**
- **Deuroffer:** Helpmekaar Studiefonds
- **Tee en verversings** – Leeukuil wyk

Bybellees-program

Ons maak vandag klaar met die **Evangelie volgens Lukas**. Van môre af lees ons **Die boek Prediker**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#).

Manne aand


7 Mei – Hou die datum oop!

Vleis- en Oesfees en mini-basaar – Herinnering

Ons beplan 'n Vleis- en Oesfees en mini-basaar op **29 Mei 2021**. Dit gaan 'n ietwat ander formaat aanneem as vorige vleisfeeste.

- Ons gaan in Meimaand 'n pryslys van vleisprodukte vrystel waar u vooraf bestellings kan plaas, en ons gaan slegs die bestellings uitvoer. Die res van die vee gaan lewend verkoop word.
- Daar sal by die mini-basaar wel sosaties, wors en maalvleis (gaar of rou) in klein hoeveelhede te koop wees, asook groente en ander produkte wat ons moontlik mag kry. Ons wil ook groot koeke, kerrie & rys, boerewors-rolle, koue poedings en pannekoek verkoop.
- U kan ook graan lewer op die kerk se lidnommer by Senwes as bydrae tot die oesfees.

Insamelingslyste sal eersdaags in wyke versprei word en ons vra dat u ouderling of diaken met 'n oop hand sal ontvang.



Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

April

- 4 Attie Bester
- 6 **John Small (88j)**; Anna-Marie Terblanche
- 7 Gerhard Venter
- 10 Marli du Preez

Veels Geluk



Huweliksherdenking

April

- 9 Gerdus & Adél Venter (16j)
- 10 Izak & Ebeth Delpoort (27j)

Nuwe Lidmate

Ons verwelkom graag die volgende nuwe lidmate:

- **Frans en Betta van der Watt** in Wyk1, met Sakkie Hartzler as ouderling en Anri Strauss as diaken
- **JD Odendal**

- **Kevin Verster** in Wyk 2, met Minnie Griessel as ouderling en Lallie van Vuuren as diaken.

Baie welkom! Ons hoop dat julle gou tuis sal voel en baie gelukkig sal wees hier by ons.

Voorbidding

- **Annamarie Dercksen** (rugoperasie)
- **Betsie en Gert Deysel** (oudste dogter se huis het afgebrand). Indien daar mense is wat donasies(klere, linne of breekware) kan gee, kontak asseblief vir Betsie by 083 392 5178.

Só glo ons

Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 45: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?

Antwoord: Ten eerste het Hy deur sy opstanding die dood oorwin, sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak. Ten tweede word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek. Ten derde is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding.

Ek glo ...

“Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.”

“Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?”

Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.

1 Korintiërs 15:54-57

Leraar:	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		

Gebed vir Paasmôre, van IL de Villiers

Verrese Heiland

Die kerkklokke lui vanoggend anders.

Hulle is Paasklokke.

Hulle lui oor die vallei.

Hulle lui oor die stad.

Hulle lui oor die wêreld.

Die Here het opgestaan!

Ja, Hy het waarlik opgestaan!



Saam met Christene oor die wêreld, al u kinders,

wil ons aanbid, Oorwinnaar!

Saam met die klokke wil ons juig

oor die wonder van 'n graf in 'n tuin

wat oopgegaan het om nooit weer toe te gaan nie.


Daar's 'n pad getrap deur die dal van die dood.

U het dit uitgetrap.

U het bloedspore getrap.

Die pad gaan deur die dood en die ewige lewe.

Ons gaan dié pad volg as U ons roep.



Ons het saam met U opgestaan, Here Jesus.

Hierbinne in ons hart is dit al anders.

Ons was met U in aanraking.

U het ons aangeraak.

Ons sal nooit sterf nie.

Want U leef!

U leef!

Ons juig oor U, Here Jesus.

Ons juig saam met die Paasklokke.

Ons juig in hierdie môre,

oor 'n nuwe môre

wanneer die klokke nie sal ophou nie,

wat sal môre bly

en nooit sal aand word nie.



Amen.